NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 7 DESEMBER 2016 OM 10:00

- MUNISIPALE BESTUURS- EN FINANSIESKOMITEE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl
Ondervoorsitter, rdl M A Rangasamy

Daniels, C
De Beer, J M
Fortuin, C B
Goliath, M S I
Humphreys, F S
Papers, C H
Stemele, O M
Van der Westhuizen, R F
Zatu, N S

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Begrotingskantoor en Kostebestuur, me H D Papier
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl C B Fortuin open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid toegestaan aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en rdl B J Stanley.

Rdl N S Zatu sluit by die vergadering aan om 10:06.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR EN FINANSIES) GEHOU OP 2 NOVEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl F S Humphreys)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur en Finansies) gehou op 2 November 2016 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Die voorsitter noem dat die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, na afloop van die vergadering 'n spreekbeurt toegestaan sal word.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

5.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2016 (7/1/2/2-2)

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem – op navraag van rdl N S Zatu – dat die 'Box Park' inisiatief deur die provinsiale Departement van Ekonomiese Ontwikkeling gedryf word en dat Swartland Munisipaliteit in afwagting is op terugvoering rakende hierdie projek.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem – op navraag van rdl N S Zatu – dat 'n vergadering met die raadslid belê sal word om die werksaamhede en uitgawes van die gemeenskapwerkers (CDWs) te verduidelik.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk September 2016.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2016

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die Bestuurder: Begrotingskantoor en Kostebeheer, me H D Papier, behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

Rdl F S Humphreys noem dat, weens die feesseisoen wat op hande is, die kommer bestaan rakende die moontlikheid dat die werklike oortyd die begrote oortyd sal oorskry en bedank die Finansiële Dienste direktoraat vir die gerusstelling dat dit nie sal realiseer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M A Rangasamy, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Oktober 2016.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

9. SPREEKBEURT DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem aan die komitee dat 'n opname (*10% random sample survey*) binnekort sal plaasvind om die juistheid van die uitslae van STATS SA te evalueer en om die aantal inwoners in die onderskeie dorpe vas te stel, sowel as 'n herhaling van die 2014 kliëntediensopname.[1]

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die proses aan die komitee, en noem verder dat alle werkers behoorlik geïdentifiseer sal kan word aangesien elkeen van 'n aanstellingsbrief voorsien sal word wat ten alle tye beskikbaar moet wees.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER

[1] Paragraaf vervang – sien UBK-notule gedateer 13 Desember 2016

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Bess, D G
Goliath, M S I
Maart, E S M
Mfutwana, L E
Papers, C H
Sneewe, A M
Solomons, P E

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:30 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid is toegestaan aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en rdle V D McQuire, B J Penxa, N Smit en B J Stanley.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIEL- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU OP 2 NOVEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

Dat die notule van die Portefeuljekomitee-vergadering (Siviele en Elektriese Dienste) gehou op 2 November 2016 as korrek bekragtig word onderhewig aan die toevoeging tot Item 5.1.1: Maandverslag: Siviele Ingenieursdienste: Dat terugvoering aan rdl A M Sneewe deurgegee word rakende die installering van warm water silinders by die Gabriel Pharaoh Sportgronde.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: OKTOBER 2016

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

5.1.1/...

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha, noem dat waterbeperkinge steeds geldig is aangesien die Theewaterskloofdam, een van die hoof damme in die watersisteem,slegs 45% vol is.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem verder dat inwoners steeds versoek moet word om water te bespaar, andersins sal 'n Vlak 3-waterbeperkingsmaatreël ingestel word wat 'n 30% besparing sal meebring.

Rakende die *Faecal Coli* lesing wat by die Darling Rioolwerke geneem is vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit (WDM), noem die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste dat dit opgevolg sal word aangesien WDM se lesing aansienlik hoër is as die lesing wat deur Swartland Munisipaliteit geneem is.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, noem dat Eskom die aansoek vir 'n addisionele 5% elektrisiteitskapasiteit vir Yzerfontein, goedgekeur het.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem verder dat Eskom 'n dag-lange kragonderbreking versoek het vir Yzerfontein en Darling op 16 Maart 2017, met die alternatiewe datum van 29 Maart 2017. Kennisgewings sal gedurende Februarie 2017 aan inwoners van genoemde dorpe gestuur word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Oktober 2016;

(b) Dat verdere kennis geneem word dat Eskom 'n dag-lange kragonderbreking vir Yzerfontein en Darling versoek het wat op 16 Maart 2017, met die alternatiewe datum van 29 Maart 2017, sal plaasvind.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl P E Solomons
Ondervoorsitter, rdl M van Zyl

Bess, D G	Goliath, M S I
Daniels, C	Maart, E S M
De Beer, J M	Mfutwana, L E
Fortuin, C B	Philander, D B

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:56 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid is toegestaan aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, rdle Z Bekebu, V D McQuire en N Smit.

Die voorsitter noem dat ’n spreekbeurt aan die Onderburgemeester, rdv M S I Goliath, na afloop van die vergadering toegestaan sal word.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU OP 2 NOVEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie, Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 2 November 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT dat kennis geneem word van die skrywes van dank en waardering aan die Munisipaliteit Swartland soos met die sakelys gesirkuleer.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1/MAANDVERSLAG...

5.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2017

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, noem dat weens onvoorsiene omstandighede kon die biblioteek in Abbotsdale nie op 1 Desember 2016 open nie, en daar sal daadwerklik gepoog word om dit op 1 Februarie 2017 te open.

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Oktober 2016;

(b) Dat verder kennis geneem word dat weens onvoorsiene omstandighede, dat daar gepoog sal word om die biblioteek in Abbotsdale op 1 Februarie 2017 te open.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2016

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem dat alle raadslede na 'n terugvoeringsvergadering genooi is rakende die *'splash pools*' asook ander aspekte aangaande die RSEP-program.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Oktober 2016.

8. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

8.1 VERSLAGDOENING AANGAANDE GRONDGEBRUIKAANSOEKE: OKTOBER 2016

Die voorsitter lê die verslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die besluite geneem deur die gedelgeerde amptenaar op grondgebruikaansoeke, sowel as van die notule van 'n Munisipale Beplannings-tribunaalvergadering gehou op 5 Oktober 2016.

9. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

9.1 BEHUISING ALLOKASIE BELEID

Op 12 Junie 2013 het die Uitvoerende Burgemeesterskomitee persentasies van kategorieë van deelnemers vir die toekenning van wonings aan begunstigdes vir die huidige Behuisingsprojekte goedgekeur aangesien Swartland Munisipaliteit nie 'n Behuisings Allokasie Beleid tot sy beskikking gehad het nie.

9.1/In...
In ag genome van bg. is 'n Behuising Allokasie Beleid opgestel, met insae vanaf die ad hoc-komitee van die Gemeenskapsdienstekomitee, wat direk met behuising gemoeid is.

.

AANBEVELING

(a) Die Behuising Allokasie Beleid, soos voorgelê, deur die Raad aanvaar word en van toepassing gemaak word met effek vanaf datum van die raadsvergadering waarop aanvaarding daarvan bekragtig word;

(b) Die kategorieë van deelnemers wat deur die Uitvoerende Burgemeesters-komitee goedgekeur was op 12 Junie 2013 vervang word met kwotas volgens die nuwe Behuising Allokasie Beleid;

(c) Kennis word geneem van die Departement van Menslike Nedersettings se versoek om tydens allokasie van geleenthede voorkeur te gee aan begunstigdes 35 jaar en ouer;

(d) Die komitee kennis neem dat daar in die toekoms na voltooiing van Riebeek-Wes Behuisingsprojek, slegs projekte gedoen gaan word in die groei-potensiaal dorpe met inbegrip van hul opvang gebiede, soos aangedui op die aangehegte plan;

(e) Die komitee kennis neem dat by die volgende Malmesbury/Wesbank Behuisingsprojek die eerste 700 behuisingsgeleenthede aan die begunstigdes van Malmesbury/Wesbank toegeken word, soos ooreengekom met die Ilinge Lethu Behuisingskomitee;

(f) Na die toekenning van genoemde 700 geleenthede, die waglyste van Ilinge Lethu en Wesbank geïntegreer word in een waglys en die res van geleenthede in projek toegeken sal word in terme van datum van aansoek;

(g) Tydens elke Behuisingsprojek die lys van geïdentifiseerde begunstigdes van daardie projek aan die Raad se Behuisingskomitee voorgelê word vir goedkeuring.

10. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. BESKERMINGSDIENSTE

10.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2016

10.1.1 BESKERMINGSDIENSTE

10.1.2 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

10.1.3 BRANDBESTRYDING

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, noem dat die meeste van die ongelukke wat aangemeld word, is a.g.v. die motorbestuurders wat die verkeersreëls verontagsaam.

Rdl C B Fortuin versoek dat die onwettige parkering van die swaar voertuie (trokke) by indraai van 'Kekkel en Kraai' ondersoek word aangesien die gewigsbeperking (geen parkering van trokke >3 ton) nie deur hierdie bestuurders eerbiedig word nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeer- en Wetstoepassingsdiens asook die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk Oktober 2016.

10.1.3/BESLUIT...

11. SAKE VIR AANBEVELING AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

12. SPREEKBEURT DEUR DIE ONDERBURGEMEESTERES, RDV M S I GOLIATH

Die Onderburgemeesteres, rdv M S I Goliath, bedank die raadslede vir hul toewyding en bydrae tot die sukses van Swartland Munisipaliteit en die gemeenskap.

Die onderburgemeesteres deel verder haar seënwense aan die raadslede asook amptenare en noem dat alhoewel raadslede ’n ruskans geniet, moet daar steeds aandag aan die gemeenskap gegee word.

(GET) P E SOLOMONS
VOORSITTER